STADSRAAD VAN KLERKSDORP: INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN EIENDOMSBELASTING

Die Administrateur maak hierby bekend dat die Stadsraad van Klerksdorp hom versoek het om die bevoegdheid aan hom verleen deur die bepalings van artikel 9(10) van Ordonnansie 17 van 1939, uit te oefen en die bestaande vrystelling van die bepalings van die Plaaslike Bestuur-Belasting-Ordonnansie, 1933, ten opsigte van Gedeeltes 389 en 425 van die plaas Elandsheuwel 402 IP in die distrik Klerksdorp in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, redes aan te voer waarom daar nie aan die Stadsraad van Klerksdorp se versoek voldoen moet word nie.

PB 3-5-11-2-17

Administrateurskennisgewing 1880 9 November 1983

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE EN VERSKAFFING VAN INLIGTING AAN DIE PUBLIEK

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Uitreiking van Sertifikate en Verskaffing van Inligting aan die Publiek van die Munisipaliteit Krugersdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing 24 van 5 Januarie 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur items 1 en 2 onder die Bylae deur die volgende te vervang:

"1. Vir 'n sertifikaat wat die Raad ingevolge enige Ordonnansie of ander Wet moet of kan uitreik waar nie uitdruklik in hierdie Bylae of andersins voor voorsiening gemaak is nie 20c

2. Vir die verskaffing van duplikaat rekenings, per afskrif ..... 30c".

PB 2-4-2-40-18

Administrateurskennisgewing 1881 9 November 1983

MUNISIPALITEIT MEYERTON: HONDE- EN HONDELISENSIEVERORDENINGE

KENNISGEWING VAN VERBETERING

Administrateurskennisgewing 1687 van 5 Oktober 1983 word hierby verbeter deur die inleidende sin in item 1 van die Jaarlikse Hondebelasting onder die Bylae deur die volgende te vervang:

"1. Vir die volgende honde:"

PB 2-4-2-33-97

Administrateurskennisgewing 1882 9 November 1983

MUNISIPALITEIT KEMPTONPARK: WYSIGING VAN SWEMBADVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die

set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Swimming Bath By-laws of the Kempton Park Municipality published under Administrator's Notice 1468, dated 12 December 1979, are hereby amended by the substitution for the Tariff of Charges under the Schedule of the following:

"SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

1. *Admission Charges:*

(1) *Season Tickets:*

(a) Non-club members:

(i) Per adult: R12.

(ii) Per child: R4,50.

(b) Club members:

(i) Per adult: R10,50.

(ii) Per child: R3,75.

(2) *Duplicate tickets:*

Duplicate tickets issued in terms of paragraph 1(a) and (b): 75c.

(3) *Daily admission for swimming purposes:*

(a) Per adult: 30c.

(b) Per child: 15c.

(4) *Daily admission for purposes other than swimming:*

(a) Per adult: 30c.

(b) Per child: 15c.

(5) *Hire of swimming-bath for galas:*

(a) Afternoons, per occasion: R5.

(b) Evenings, per occasion: R10.

(6) *Trampoline:*

For every 3 minutes, per person: 15c.

2. *Charges for Safekeeping of articles in terms of section 6 (per article)*

(1) Declared value up to and including R10: 15c.

(2) Declared value of more than R10: An additional amount of 15c for every R10 or part thereof by which the declared value exceeds R10".

PB 2-4-2-91-16

Administrator's Notice 1883 9 November 1983

KOMATIPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws, adopted by the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas under Administrator's Notice 2158, dated 6 December 1972, and which became the By-laws of the Village Council of Komatipoort in terms of section 159*bis*(i)(c) of the Local Government Ordinance, 1939, are hereby further amended by the substitution for subitems (1), (2), (3) and (4) of item 2 of the Charges for the Consumption of Electricity under Part II of the Schedule of the following:

verordeninge hierna uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Swembadverordeninge van die Munisipaliteit Kemptonpark, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1468 van 12 Desember 1979, word hierby gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae deur die volgende te vervang:

"BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. *Toegangsgeld:*

(1) *Seisoenkaartjies:*

(a) Nie-klublede:

(i) Per volwassene: R12.

(ii) Per kind: R4,50.

(b) *Klublede:*

(i) Per volwassene: R10,50.

(ii) Per kind: R3,75.

(2) *Duplikaatkaartjies:*

Duplikaatkaartjies uitgereik ingevolge paragraaf 1(a) en (b): 75c.

(3) *Daaglikse toegang vir swemdoeleindes:*

(a) Per volwassene: 30c.

(b) Per kind: 15c.

(4) *Daaglikse toegang vir nie-swemdoeleindes:*

(a) Per volwassene: 30c.

(b) Per kind: 15c.

(5) *Huur van swembad vir galas:*

(a) Smiddags, per geleentheid: R5.

(b) Saans, per geleentheid: R10.

(6) *Wipmat:*

Vir elke 3-minute, per persoon: 15c.

2. *Gelde vir bewaring van artikels ingevolge artikel 6 (per artikel)*

(1) Verklaarde waarde tot en met R10: 15c.

(2) Verklaarde waarde van meer as R10: 'n Bykomende bedrag van 15c vir elke R10 of gedeelte daarvan waarmee die verklaarde waarde R10 oorskry".

PB 2-4-2-91-16

Administrateurskennisgewing 1883 9 November 1983

MUNISIPALITEIT KOMATIPOORT: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge deur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede aangeneem by Administrateurskennisgewing 2158 van 6 Desember 1972, en wat ingevolge artikel 159*bis*(1)(c) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Verordeninge van die Dorpsraad van Komatipoort geword het, word hierby verder gewysig deur subitems (1), (2), (3) en (4) van item 2 van die Gelde vir die Verbruik van Elektrisiteit onder Deel II van die Bylae deur die volgende te vervang:

(1) *Domestic consumers:*

(a) Per kW.h, per month: 5,5c

(b) Service charge, per month: R15

(2) *Business, industrial and general consumers:*

(a) Per kW.h, per month: 6,5c

(b) Service charge, per month: R20

(3) *Bulk consumers:*

(a) Per kW.h, per month: R2,66

(b) Service charge, per month: R20

(c) Demand charge, per kV.A, per month: R9

Subject to a minimum charge of R360

(4) *Temporary consumers:*

Per kW.H, per month: 12,75c.

PB 2-4-2-36-165

Administrator's Notice 1884 9 November 1983

KOMATIPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY CONVENIENCES AND NIGHTSOIL AND REFUSE REMOVAL BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary Conveniences and Nightsoil and Refuse Removal By-laws, published by the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas under Administrator's Notice 218, dated 25 March 1953, as amended, and which became the By-laws of the Village Council of Komatipoort in terms of section 159*bis*(1)(c) of the Local Government Ordinance, 1939, are hereby further amended by the substitution in item 12(1) under Schedule A for the figure "R55" of the figure "R75".

PB 2-4-2-81-165

Administrator's Notice 1885 9 November 1983

KOMATIPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage By-laws, adopted by the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas under Administrator's Notice 1443, dated 27 September 1978, and which became the By-laws of the Village Council of Komatipoort in terms of section 159*bis*(1)(c) of the Local Government Ordinance, 1939, are hereby amended by the substitution in Paragraphs (a), (b), (c), (d), (e), (f) and (g) of item 3 and Part II of the Schedule for the figure "R42" of the figure "R57" where it appears.

PB 2-4-2-34-165

Administrator's Notice 1886 9 November 1983

KOMATIPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CARAVAN PARK BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws

(1) *Huishoudelike verbruikers:*

(a) Per kW.h, per maand: 5,5c

(b) Diensheffing, per maand: R15

(2) *Handels, nywerheids en algemene verbruikers:*

(a) Per kW.h, per maand: 6,5c

(b) Diensheffing, per maand: R20

(3) *Grootmaatverbruikers:*

(a) Per kW.h, per maand: R2,66

(b) Diensheffing, per maand: R20

(c) Aanvraagheffing, per kV.A, per maand: R9

Onderworpe aan 'n minimum heffing van R360

(4) *Tydelike verbruikers:*

Per kW.h, per maand: 12,75c.

PB 2-4-2-36-165

Administrateurskennisgewing 1884 9 November 1983

MUNISIPALITEIT KOMATIPOORT: WYSIGING VAN VERORDENINGE OP SANITÊRE GEMAKKE, NAGVUIL EN VUILGOEDVERWYDERINGS

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge op Sanitêre Gemakke, Nagvuil en Vuilgoedverwydering, deur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 218 van 25 Maart 1953, soos gewysig, en wat ingevolge artikel 159*bis*(1)(c) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Verordeninge van die Dorpsraad van Komatipoort geword het, word hierby verder gewysig deur in item 12(1) onder Bylae A die syfer "R55" deur die syfer "R75" te vervang.

PB 2-4-2-81-165

Administrateurskennisgewing 1885 9 November 1983

MUNISIPALITEIT KOMATIPOORT: WYSIGING VAN RIOLERINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Rioleringsverordeninge, deur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, aangeneem by Administrateurskennisgewing 1443 van 27 September 1978, en wat ingevolge artikel 159*bis*(1)(c) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Verordeninge van die Dorpsraad van Komatipoort geword het, word hierby gewysig deur in Paragrawe (a), (b), (c), (d), (e), (f) en (g) van item 3 onder Deel II van die Bylae die syfer "R42" deur die syfer "R57" te vervang waar dit ookal voorkom.

PB 2-4-2-34-165

Administrateurskennisgewing 1886 9 November 1983

MUNISIPALITEIT KOMATIPOORT: WYSIGING VAN WOONWAPARKVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die veror-

set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Caravan Park By-laws, published by the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban areas under Administrator's Notice 209, dated 5 February 1975, and which became the by-laws of the Village Council of Komatipoort in terms of section 159*bis*(1)(c) of the Local Government Ordinance, 1939, are hereby further amended by the substitution for the Schedule of the following:

"SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

1. Per vehicle, per day: R5.

2. Per month, per stand restricted to 2 persons per stand: R100.

3. Per additional person, per day: R1."

PB 2-4-2-172-165

Administrator's Notice 1887 9 November 1983

POTGIETERSRUS MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD MILK BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Potgietersrus has in terms of section 96*bis*(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Milk By-laws, published under Administrator's Notice 404, dated 2 April 1980, as by-laws made by the said Council.

PB 2-4-2-28-27

Administrator's Notice 1888 9 November 1983

ROEDTAN HEALTH COMMITTEE: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126(1)(a) of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Roedtan Health Committee, published under Administrator's Notice 1336, dated 10 August 1983, are hereby amended by the insertion after item 1(2)(b) of the following:

"(c) Minimum charge per occupied erf, per month: R6.".

PB 2-4-2-81-109

Administrator's Notice 1889 9 November 1983

CORRECTION NOTICE

SANDTON MUNICIPALITY: STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS

Administrator's Notice 1720, dated 12 October 1983, is hereby corrected by the insertion under the heading "Grocery Trolleys" under paragraph 2 before the expression "(1) No person" of the expression "30.".

PB 2-4-2-80-116

deninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Woonwaparkverordeninge, deur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 209 van 5 Februarie 1975, en wat ingevolge artikel 159*bis*(1)(c) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge van die Dorpsraad van Komatipoort geword het, word hierby verder gewysig deur die Bylae deur die volgende te vervang:

"BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. Per voertuig, per dag: R5.

2. Per staanplek beperk tot 2 persone, per maand: R100.

3. Per bykomende persoon, per dag: R1."

PB 2-4-2-172-165

Administrateurskennisgewing 1887 9 November 1983

MUNISIPALITEIT POTGIETERSRUS: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARDMELKVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Potgietersrus ingevolge artikel 96*bis*(2) van genoemde Ordonnansie, die wysiging van die Standaardmelkverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 404 van 2 April 1980, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB 2-4-2-28-27

Administrateurskennisgewing 1888 9 November 1983

GESONDHEIDSKOMITEE VAN ROEDTAN: WYSIGING VAN SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126(1)(a) genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Gesondheidskomitee van Roedtan, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1336 van 10 Augustus 1983, word hierby gewysig deur na item 1(2)(b) die volgende in te voeg:

"(c) Minimum heffing per bewoonde erf, per maand: R6.".

PB 2-4-2-81-109

Administrateurskennisgewing 1889 9 November 1983

KENNISGEWING VAN VERBETERING

MUNISIPALITEIT SANDTON: STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE

Administrateurskennisgewing 1720 van 12 Oktober 1983 word hierby verbeter deur in die Engelse teks onder die kopskrif "Grocery Trolleys" onder paragraaf 2 voor die uitdrukking "(1) No person" die uitdrukking "30." in te voeg.

PB 2-4-2-80-116

Administrator's Notice 1890 9 November 1983

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 16(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrator's) of 1945, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The Electricity By-laws of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, adopted by the Board under Administrator's Notice 2158, dated 6 December 1972, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 3(1)(b) of Part III of the Schedule for the figure "R18,65" of the figure "R8,65".

PB 2-4-2-36-111

Administrator's Notice 1891 9 November 1983

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR CONTROLLING AND PROHIBITING THE KEEPING OF PIGS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 16(3) of the Transvaal Board for the development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrator's) of 1945, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The By-laws for Controlling and Prohibiting the Keeping of Pigs of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, published under Administrator's Notice 888, dated 9 December 1959, as amended, are hereby further amended by the addition at the end of Annexure D of the following:

"Sundra Local Area Committee, per premises of 2 ha: 4 breeding pigs. Provided that in the event of the premises being smaller than 2 ha, the number which may be kept, shall be calculated *pro rata* to the number mentioned.".

PB 2-4-2-74-111(A)

Administrator's Notice 1892 9 November 1983

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO THE KEEPING OF ANIMALS AND POULTRY

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 16(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrator's) of 1945, publishes the By-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The By-laws relating to the Keeping of Animals and Poultry of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, published under Administrator's Notice 519, dated 15 May 1968, as amended, are hereby further amended as follows:

Administrateurskennisgewing 1890 9 November 1983

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en Proklamasie 6 (Administrateurs-) van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 2158 van 6 Desember 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 3(1)(b) van Deel III van die Bylae die syfer "R18,65" deur die syfer "R8,65" te vervang.

PB 2-4-2-36-111

Administrateurskennisgewing 1891 9 November 1983

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE BEHEER OOR EN DIE VERBOD OP DIE AANHOU VAN VARKE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en Proklamasie 6 (Administrateurs-) van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Beheer oor en die Verbod op die Aanhou van Varke van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 888 van 9 Desember 1959, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur aan die end van Aanhangsel D die volgende by te voeg:

"Sundra Plaaslike Gebiedskomitee, per perseel van 2 ha: 4 aanteel varke: Met dien verstande dat indien die perseel kleiner as 2 ha is, die getal wat aangehou mag word, *pro rata* bereken moet word op genoemde getal.".

PB 2-4-2-74-111(A)

Administrateurskennisgewing 1892 9 November 1983

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE DIE AANHOU VAN DIERE EN PLUIMVEE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en Proklamasie 6 (Administrateurs-) van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende die Aanhou van Diere en Pluimvee van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 519 van 15 Mei 1968, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. By the insertion after item 5 of Schedule B of the following:

"6. Sundra Local Area Committee:

Large stock	3
Sheep	20

per premises of 2 ha. Provided that in the event of the premises being smaller than 2 ha, the number which may be kept, shall be calculated *pro rata* to the number mentioned.".

2. By the addition at the end of Schedule C of the following: "Sundra Local Area Committee per premises of 2 ha: 100. Provided that in the event the premises is smaller than 2 ha, the number which may be kept, shall be calculated *pro rata* to the number mentioned.".

PB 2-4-2-74-111

Administrator's Notice 1893 9 November 1983

WATERVAL-BOVEN MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO FIRE BRIGADE SERVICES

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 17 of the Fire Brigade Services Ordinance, 1977, publishes

(a) that the Village Council of Waterval-Boven has in terms of section 96*bis*(2) of the first-mentioned Ordinance adopted with the following amendment, the Standard By-laws relating to Fire Brigade Services, published under Administrator's Notice 1771, dated 23 December 1981, as by-laws made by the said Council:

By substituting immediately after section 20 for the heading "SCHEDULE" of the heading "SCHEDULE I"; and

(b) the Tariff of Charges hereto as SCHEDULE II to the said by-laws, which Tariff of Charges has been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

SCHEDULE II

TARIFF OF CHARGES

1. *Fire-fighting Services*

(1) For fire calls within the municipality: The loss in respect of water or material or chemicals used to fight or prevent a fire.

(2) For fire calls outside the municipality:

(a) Per hour or part thereof for the first engine or pump: R35; plus

(b) Per hour or part thereof for every additional engine or pump: R20; plus

(c) per km for the journey there and back: 60c; plus

(d) actual cost of material and chemicals used.

(e) For the purpose of paragraph (c) times shall be calculated from the time the engine or pump leaves the fire station until it returns thereto.

2. *Removal of Water*

(1) For the use of a pump, per hour, or part thereof: R8.

(2) For the use of fire-hoses, per length, per day: R2.

1. Deur na item 5 van Bylae B die volgende by te voeg:

"6. Plaaslike Gebiedskomitee van Sundra:

Grootvee	3
Skape	20

per perseel van 2 ha: Met dien verstande dat indien 'n perseel kleiner as 2 ha is, die getal wat aangehou mag word, *pro rata* bereken moet word op genoemde getalle.".

2. Deur aan die end van Bylae C die volgende by te voeg: "Plaaslike Gebiedskomitee van Sundra, per perseel van 2 ha: 100. Met dien verstande dat indien 'n perseel kleiner as 2 ha is, die getal wat aanhou mag word, *pro rata* bereken moet word op genoemde getalle.".

PB 2-4-2-74-111

Administrateurskennisgewing 1893 9 November 1983

WATERVAL-BOVEN DORPSRAAD: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE BRANDWEERDIENSTE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 17 van die Ordonnansie op Brandweerdienste, 1977, dat

(a) Die Dorpsraad van Waterval-Boven die Standaardverordeninge Betreffende Brandweerdienste, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1771 van 23 Desember 1981, ingevolge artikel 96*bis*(2) van eersgenoemde Ordonnansie met die volgende wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur die Raad opgestel is:

Deur onmiddellik na artikel 20 die opskrif "BYLAE" deur die opskrif "BYLAE I" te vervang; en

(b) die Tarief van Gelde hierby as BYLAE II by genoemde verordeninge, welke Tarief van Gelde deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

BYLAE II

TARIEF VAN GELDE

1. *Brandbestrydingsdienste*

(1) Vir brandoproepe binne die Munisipaliteit: Die verlies ten opsigte van water of materiaal of chemikalieë verbruik met die bestryding of voorkoming van 'n brand.

(2) Vir brandoproepe buite die munisipaliteit:

(a) Per uur of gedeelte daarvan vir die eerste masjien of pomp: R35; plus

(b) per uur of gedeelte daarvan vir elke bykomende masjien of pomp: R20; plus

(c) per km vir die heen- en weerreis: 60c; plus

(d) werklike koste ten opsigte van materiaal of chemikalieë wat verbruik is.

(e) Vir die toepassing van paragraaf (c) word tye bereken vandat die masjien of pomp die brandweerstasie verlaat totdat dit daarheen terugkeer.

2. *Verwydering van Water*

(1) Vir die gebruik van 'n pomp, per uur, of gedeelte daarvan: R8.

(2) Vir die gebruik van brandslange, per lengte, per dag: R2.

3. *Protection Services*

(1) Services provided by an officer, per hour, or part thereof: R10.

(2) Services provided by a fireman, per presentation: R5.

4. *Checking of Fire-fighting Equipment*

(1) Fire-extinguishers: For every fire-extinguisher: Actual cost of contents and material, plus 15 % handling and labour.

(2) Fire-hoses: Testing, per length: R2.

(3) Fire-reels: Testing, per reel: R2.

2. The Fire Brigade Regulations of the Waterval-Boven Municipality, published under Administrator's Notice 432, dated 30 May 1956, are hereby revoked.

PB 2-4-2-41-106

Administrator's Notice 1894 9 November 1983

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Bryanston West Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-6085

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY MIDATON PROPERTIES (PROPRIETARY) LTD UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 427 OF THE FARM DRIEFONTEIN 41 IR PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) *Name*

The name of the township shall be Bryanston West.

(2) *Design*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG A7577/81.

(3) *Stormwater Drainage and Street Construction*

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority. Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall when required to do so by the local authority carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

3. *Beskermingsdienste*

(1) Dienste gelewer deur 'n offisier, per uur of gedeelte daarvan: R10.

(2) Dienste gelewer deur 'n brandweerman, per vertoning: R5.

4. *Nasien van Brandbestrydingstoerusting*

(1) Brandblussers: Vir elke brandblusser: Werklike koste van inhoud en materiaal plus 15 % vir hantering en arbeid.

(2) Brandslange: Toets, per lengte: R2.

(3) Brandtolle: Toets, per tol: R2.

2. Die Brandweerregulasies van die Munisipaliteit Waterval-Boven, afgekondig by Administrateurskennisgewing 432 van 30 Mei 1956, word hierby herroep.

PB 2-4-2-41-106

Administrateurskennisgewing 1894 9 November 1983

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Bryanston West tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-6085

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR MIDATON PROPERTIES (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 427 VAN DIE PLAAS DRIEFONTEIN 41 IR, PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) *Naam*

Die naam van die dorp is Bryanston West.

(2) *Ontwerp*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG A7577/81.

(3) *Stormwaterdreinering en Straatbou*

(a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema volledig met planne, deursnee en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlik aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin tesame met die verskaffing van sodanige keermure, as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê. Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpsieienaar moet, wanneer dit vereis word deur die plaaslike bestuur, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot voldoening van die plaalike bestuur onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

(d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) *Endowment*

(a) Payable to the local authority:

(i) The township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1)(b) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment of R42 840 to the local authority for the provision of land for a cemetery and a depositing site.

Such endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

(ii) The township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1)(b) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment to the local authority on the land value of special residential land in the township, the extent of which shall be determined by multiplying 52 m^2 by the number of dwelling-units which can be erected in the township.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance and the local authority shall use such endowment for the purpose of acquiring parks within the municipal area.

(b) Payable to the Transvaal Education Department:

The township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment for educational purposes to the Transvaal Education Department on the land value of special residential land in the vicinity of the township the extent of which shall be determined by multiplying 48,08 m^2 by the number of dwelling-units which can be erected in the township.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

(5) *Disposal of Existing Conditions of Title*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following rights which shall not be passed on to the erven in the township:

(a) In respect of Remaining Extent of Portion 113—

"(i) Entitled to a right of way on Portion 9 of the said Portion 4 of the farm Driefontein, transferred to Gideon Francoes Broodryk by Deed of Transfer No 18927/1937, dated 15th October, 1937, marked on Diagram SG No A717/1936 annexed to the said Deed of Transfer.

(ii) Entitled to a right of way on Portion 12 of the said Portion 4 of the farm Driefontein, transferred to Thomas Woolf Charles and another by Deed of Transfer No 1886/1937, dated 5th February, 1937, marked on Diagram SG A5627/1936, annexed to the said Deed of Transfer.

(iii) Entitled to a right of way represented by the figure B efgh on the aforesaid Diagram SG No A6716/1939, over the Remaining Extent of Portion 4 of the farm Driefontein aforesaid measuring as such 5,1390 hectares, held under Deed of Transfer No 8829/1940, dated 12th June, 1940."

(b) In respect of Remaining Extent of Portion 4—

(d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

(4) *Begiftiging*

(a) Betaalbaar aan die plaaslike bestuur:

(i) Die dorpseienaar moet ingevolge die bepalings van artikel 63(1)(b) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, as begiftiging aan die plaaslike bestuur 'n globale bedrag van R42 840 betaal vir die verkryging van grond vir 'n begraafplaas en 'n stortingsterrein.

Sodanige begiftiging is betaalbaar ooreenkomstig die bepalings van artikel 73 van die genoemde Ordonnansie.

(ii) Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikel 63(1)(b) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan die plaaslike bestuur as begiftiging 'n globale bedrag betaal op die grondwaarde van spesiale woongrond in die dorp, die grootte waarvan bepaal word deur 52 m^2 te vermenigvuldig met die getal wooneenhede wat in die dorp opgerig kan word.

Die waarde van die grond word bepaal kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie en die plaaslike bestuur moet sodanige begiftiging gebruik vir die verkryging van parke binne die munisipale gebied.

(b) Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement:

Die dorpseienaar moet ingevolge die bepalings van artikel 63(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan die Transvaalse Onderwysdepartement as begiftiging vir onderwysdoeleindes 'n globale bedrag op die grondwaarde van spesiale woongrond in die omgewing van die dorp betaal, waarvan die grootte bepaal word deur 48,08 m^2 te vermenigvuldig met die getal wooneenhede wat in die dorp opgerig kan word.

Die waarde van die grond word bepaal ingevolge die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar ingevolge die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

(5) *Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende regte wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra sal word nie:

(a) Ten opsigte van Resterende Gedeelte van Gedeelte 113—

"(i) Entitled to a right of way on Portion 9 of the said Portion 4 of the farm Driefontein, transferred to Gideon Francoes Broodryk by Deed of Transfer No 18927/1937, dated 15th October, 1937, marked on Diagram SG No A717/1936 annexed to the said Deed of Transfer.

(ii) Entitled to a right of way on Portion 12 of the said Portion 4 of the farm Driefontein, transferred to Thomas Woolf Charles and another by Deed of Transfer No 1886/1937, dated 5th February, 1937, marked on Diagram SG No A5627/1936, annexed to the said Deed of Transfer.

(iii) Entitled to a right of way represented by the figure B efgh on the aforesaid Diagram SG No A6716/1939, over the Remaining Extent of Portion 4 of the farm Driefontein aforesaid measuring as such 5,1390 hectates, held under Deed of Transfer No 8829/1940, dated 12th June, 1940."

(b) Ten Opsigte van Resterende Gedeelte van Gedeelte 4—

"(i) Entitled to a right of way on Portion 9 of the said Portion 4 of the farm "Driefontein" transferred to Gideon Francoes Broodryk by Deed of Transfer No 18927/1937 dated 15th October, 1937, marked on Diagram SG No A717/1936, annexed to the said Deed of Transfer.

(ii) Entitled to a right of way on Portion 12 of the said Portion 4 of the farm "Driefontein" transferred to Thomas Woolf Charles and another by Deed of Transfer No 1886/1937 dated 5th February, 1937 marked on Diagram SG No A5627/1936 annexed to the said Deed of Transfer.

(iii) Entitled to a right of way represented by the figure jhk on Diagram SG No A6716/39, annexed to Deed of Transfer No 8828/1940 over the Remaining Extent of Portion 4, measuring as such 5,1390 hectares, held under Deed of Transfer No 8829/1940, dated 12th June, 1940."

(6) *Erven for Municipal Purposes*

Erven 8 and 9 shall be transferred to the local authority by and at the expense of the township owner as parks.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven with the exception of those mentioned in clause 1(6) shall be subject to the following conditions imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(1) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a pan-handle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

Administrator's Notice 1895 9 November 1983

SANDTON AMENDMENT SCHEME 498

The Administrator hereby, in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he has approved an amendment scheme, being an amendment of Sandton Town-planning Scheme, 1980, comprising the same land as included in the township of Bryanston West.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 498.

PB 4-9-2-116H-498

"(i) Entitled to a right of way on Portion 9 of the said Portion 4 of the farm "Driefontein" transferred to Gideon Francoes Broodryk by Deed of Transfer No 18927/1937 dated 15th October, 1937, marked on Diagram SG No A717/1936, annexed to the said Deed of Transfer.

(ii) Entitled to a right of way on Portion 12 of the said Portion 4 of the farm "Driefontein" transferred to Thomas Woolf Charles and another by Deed of Transfer No 1886/1937 dated 5th February, 1937 marked on Diagram SG No A5627/1936 annexed to the said Deed of Transfer.

(iii) Entitled to a right of way represented by the figure jhk on Diagram SG No A6716/39, annexed to Deed of Transfer No 8828/1940 over the Remaining Extent of Portion 4, measuring as such 5,1390 hectares, held under Deed of Transfer No 8829/1940, dated 12th June, 1940."

(6) *Erwe vir Munisipale Doeleindes*

Erwe 8 en 9 moet deur en op koste van die dorpseienaar aan die plaaslike bestuur as parke oorgedra word.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe met die uitsondering van die genoem Klousule 1(6) is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(1) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(2) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

Administrateurskennisgewing 1895 9 November 1983

SANDTON-WYSIGINGSKEMA 498

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Sandton-dorpsaanlegskema, 1980, wat uit dieselfde grond as die dorp Bryanston West bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Sandton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 498.

PB 4-9-2-116H-498

Administrator's Notice 1896 9 November 1983

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Menlyn Extension 1 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-3458

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY CREATOR PROPERTIES (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 300 OF THE FARM GARSTFONTEIN 374 JR, PROVINCE TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) *Name*

The name of the township shall be Menlyn Extension 1.

(2) *Design*

The township shall consist of erven and a street as indicated on General Plan SG A8369/82.

(3) *Stormwater Drainage and Street Construction*

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority. Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall when required to do so by the local authority carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

(d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) *Endowment*

Payable to the Transvaal Education Department:

The township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment for educational purposes to the Transvaal Education Department on the land value of special residential land in the township, the extent of which shall be determined by multiplying 15, 86 m^2 by the number of flat units which can be erected in the township; each flat unit to be taken as 99,1 m^2 in extent.

Administrateurskennisgewing 1896 9 November 1983

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Menlyn Uitbreiding 1 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-3458

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR CREATOR PROPERTIES (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 300 VAN DIE PLAAS GARSTFONTEIN 374 JR, PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) *Naam*

Die naam van die dorp is Menlyn Uitbreiding 1.

(2) *Ontwerp*

Die dorp bestaan uit erwe en 'n straat soos aangedui op Algemene Plan LG A8369/82.

(3) *Stormwaterdreinering en Straatbou*

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie skema moet skriftelik binne 'n tydperk van vier (4) weke vanaf bogemelde datum aan die ondergetekende voorgelê word.

A C FOURIE
Wnde Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 24
Tzaneen
0850
2 November 1983
Kennisgewing No 52/1983

1402—2—9

VILLAGE COUNCIL OF WATERVAL-BOVEN

AMENDMENT OF BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, as amended, that the Council intends to amend the following by-laws:

a. Water By-laws

The general purpose of the amendment is the increase in tariffs.

Copies of the amendment will be open for inspection at the office of the Town Clerk for a period of 14 days from date of publication hereof.

Any person who wishes to object to the proposed amendment, must lodge his objection in writing to the undersigned within 14 days of publication in the Official Gazette.

A J SNYMAN
Town Clerk

Village Council
PO Box 53
Waterval-Boven
1195
2 November 1983

DORPSRAAD WATERVAL-BOVEN

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, dat die Raad van voorneme is om die volgende verordeninge te wysig:

a. Waterverordeninge

Die algemene strekking van die wysigings is die verhoging van tariewe.

Afskrifte van die wysiging lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van hierdie publikasie.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik doen binne 14 dae na datum van hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant by die ondergetekende.

A J SNYMAN
Stadsklerk

Dorpsraad
Posbus 53
Waterval-Boven
1195
2 November 1983 1404—2—9

LOCAL AUTHORITY OF BEDFORDVIEW

VALUATION ROLL FOR THE PERIOD 1983/1986

Notice is hereby given in terms of section 16(4)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the valuation roll for the period 1983/1986 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 of the said Ordinance, which provides as follows:—

"Right of appeal against decision of valuation board."

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within Thirty (30) days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, within twenty-one (21) days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(a) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly effected by a decision of a valuation board, may in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the valuation board.

S J JACOBS
Secretary of the Valuation Board

1 Hawley Road
Bedfordview
2008
9 November 1983

PLAASLIKE BESTUUR VAN BEDFORDVIEW

WAARDERINGSLYS VIR DIE TYDPERK 1983/1986

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) gegee dat die waarderingslys vir die tydperk 1983/1986 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op artikel 17 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad."

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepalings van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en soda-

nige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die waarderingsraad verkry word.

S J JACOBS
Sekretaris: Waarderingsraad

Hawleyweg 1,
Bedfordview
2008
9 November 1983

1407—9

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

DETERMINATION OF SANITARY TARIFF

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Brakpan Town Council determined by special resolution the Sanitary Tariff payable as contemplated in section 19(a) of Chapter 1 under Part IV of the Public Health By-laws of the Council with effect from 1 July 1983.

SCHEDULE

SANITARY TARIFF

1. For the purpose of the tariff under item 2, unless the context indicates otherwise —

(a) "Busniness" means a commercial, industrial of business undertaking including professional chambers, offices and separate showrooms.

(b) "Church" means a building which is designed or used as a church, chapel, oratory, place of worship, sinogogue, or other place for public religious excercise together with a place for religious instruction on the same premises as and combined with one or more of the abovementioned buildings which are being used for social gatherings and recreation, but not a funeral chapel or parsonage.

(c) "Dwelling-unit" means an inter connected suite of rooms designed for occupation and usage by a single family, including such outbuildings and servant's quarters which are usually accessory thereto.

(d) "Flat" means a dwelling-unit which forms part of a building with two or more dwelling-units but does not include a town house.

(e) "Dwelling" means a single detached dwelling-unit and includes a semi-detached house or a townhouse whether it is a detached dwelling-unit or part of a block of townhouses.

2. Refuse and Rubbish Removal:

For the removal of refuse per removal per week in tied-up plastic bags from the pavement per month or part thereof:

(a) Per dwelling or per church: R3,60

(b) Per flat: R2,40.

(c) Per business: R7,50.

(d) Per school, provincial and government offices or any other buildings or premises not provided for elsewhere: R7,50

(e) Hostels: per 25 inhabitants or portion thereof: R4,70.

3. For the removal of the contents of bulk refuse receptacles once per week, per month: R7,50.

4. Provision of refuse receptacles:

(a) For the provision of refuse receptacles with a cubic measure of approximately 85 liters by the Council, per receptacle, per month: R0,40

(b) For the provision of bulk refuse receptacles of 1,75 m³ and bigger by the Council, per receptacle, per month: R10,00.

5. For the special removal of all bulk refuse not put in receptacles provided by the Council from premises within the municipality, per load of 6 m³ or part thereof:

(a) From premises of private dwellings which are solely used for living purposes except the removal of soil: R15,00

(b) From all other premises except the removal of soil or industrial refuse: R25,00

(c) Removal of soil or industrial refuse from any premises: R50,00.

6. For the dumping of refuse at the refuse dumping site by the public:

(a) For the dumping of refuse by means of a vehicle with a load capacity not exceeding 1 999 kg per load: No charge.

(b) For the dumping of refuse by means of a vehicle with a load capacity of:

(i) More than 1 999 kg but not exceeding 4 999 kg, per load: R10,00.

(ii) More than 4 999 kg but not exceeding 9 999 kg, per load: R15,00.

(iii) More than 9 999 kg, per load: R25,00.

Dumping at the Council's dumping site is assessed according to the load capacity indicated on a vehicle and the registered owner of the vehicle and the person using the dumping site is jointly and severally liable for charges levied in terms of item 6.

7. Removal of carcasses:

For the removal of carcasses, including the burial or disposal thereof, per carcass:

(a) Sheep, dogs and animals of similar and smaller size: R1,50

(b) Cattle, horses, mules, donkeys and other animals of similar size: R15,00.

8. Removal of night-soil and Urine:

(a) Removal of night-soil:

(i) For a daily service per pail, per month or part thereof: R6,00.

(ii) Thrice weekly per pail, per month or part thereof: R4,00.

(b) For the removal of contents of septic or storage tanks, per 6,5 kl or part thereof: R20,00.

9. General:

(1) The Chief Health Services may in his discretion require the occupant and/or owner of any premises or both to utilize additional refuse and/or night-soil receptacles.

(2) Written notification for the reduction of any removal service at any time shall be given to the Chief Health Services three months in advance.

G E SWART
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 15
Brakpan
1540
9 November 1983
Notice No 135/1983

STADSRAAD VAN BRAKPAN

VASSTELLING VAN SANITÊRE TARIEF

Hiermee word ooreenkomstig artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Brakpan by spesiale besluit die Sanitêre Tarief betaalbaar soos beoog by artikel 19(a) van Hoofstuk 1 onder Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Raad vasgestel het met ingang 1 Julie 1983.

BYLAE

SANITÊRE TARIEF

1. Vir die doeleindes van die tarief, onder item 2 sonder om die gewone betekenis enigsins te beperk beteken —

(a) "Besigheid" 'n handels-, nywerheids- of sake-onderneming insluitend professionele kamers, kantore en afsonderlike vertoonlokale.

(b) "Kerk" 'n gebou wat ontwerp is vir gebruik of wat gebruik word vir 'n kerk, kapel, bidvertrek, bedehuis, sinagoge of ander plek vir openbare godsdiensoefening tesame met 'n plek vir godsdiensonderrig op dieselfde eiendom as en verbonde aan enigeen van bogenoemde geboue en wat bedoel is om vir gesellige bedrywighede en ontspanning gebruik te word maar nie 'n begrafniskapel of 'n pastorie nie.

(c) "Wooneenheid" 'n onderlinge verbinde stel kamers, ontwerp vir bewoning en gebruik deur 'n enkele gesin insluitend sodanige buitegeboue en bediendekwartiere wat gewoonlik bykomstig daartoe is.

(d) "Woonstel" 'n wooneenheid wat deel is van 'n gebou wat twee of meer wooneenhede bevat maar sluit nie 'n dorps- of meenthuis in nie.

(f) "Woonhuis" 'n enkele losstaande wooneenheid en sluit in 'n skakelwoning of 'n dorps- of meenthuis hetsy dit 'n losstaande wooneenheid of deel van 'n blok dorps- of meenthuise is.

2. Verwydering van Vullis en Afval:

Vir die verwydering van vullis per verwydering per week in toegebinde plastiese sakke vanaf die sypaadjie, per maand of gedeelte daarvan:

(a) Per woonhuis of per kerk: R3,60.

(b) Per woonstel: R2,40.

(c) Per besigheid: R7,50.

(d) Per skool, provinsiale en regeringskantore en enige ander gebou of perseel waarvoor nie elders voorsiening gemaak is nie: R7,50.

(e) Hostelle: per 25 inwoners of gedeelte daarvan: R4,70.

3. Vir die verwydering van die inhoud van massavullisbakke eenkeer per week, per maand: R7,50

4. Verskaffing van Vullisbakke:

(a) Vir die verskaffing van vullisbakke met 'n inhoudsmaat van nagenoeg 85 liter deur die Raad, per houer, per maand: R0,40.

(b) Vir die verskaffing van massavullisbakke van 1,75 m³ en groter deur die Raad, per houer, per maand: R10,00.

5. Vir die spesiale verwydering van alle massavullis wat nie in houers wat deur die Raad verskaf word, geplaas is nie, vanaf persele binne die Munisipaliteit per vrag van 6 m³ of gedeelte daarvan:

(a) Vanaf persele van private woonhuise wat uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word uitgesonderd die verwydering van grond: R15,00.

(b) Vanaf alle ander persele uitgesonderd die verwydering van grond en nywerheidsafval: R25,00.

(c) Verwydering van grond en nywerheidsafval vanaf enige perseel: R50,00.

6. Vir die stort van vullis by die stortterrein deur die publiek:

(a) Vir die stort van vullis met 'n voertuig met 'n dravermoë van hoogstens 1 999 kg per vrag: Gratis.

(b) Vir die stort van vullis met 'n voertuig met 'n dravermoë van:

(i) Meer as 1 999 kg tot en met 4 999 kg, per vrag: R10,00.

(ii) Meer as 4 999 kg tot en met 9 999 kg, per vrag: R15,00.

(iii) Meer as 9 999 kg, per vrag: R25,00.

Storting by die Raad se stortingsterrein word aangeslaan volgens die dravermoë wat op die voertuig aangedui word en die geregistreerde eienaar van die voertuig is gesamentlik en afsonderlik met die persoon wat die stortterrein gebruik, aanspreeklik vir die gelde gehef ingevolge item 6.

7. Verwydering van Karkasse:

Vir die verwydering van karkasse, insluitende die begrawe of wegruiming daarvan, per karkas:

(a) Skape, honde en diere van soortgelyke grootte en ander kleiner diere: R1,50.

(b) Beeste, perde, muile donkies en ander diere van soortgelyke grootte: R15,00.

8. Verwydering van Nagvuil en Urine:

(a) Verwydering van nagvuil:

(i) Vir 'n daaglikse diens, per emmer, per maand of gedeelte daarvan: R6,00.

(ii) Drie keer per week, per emmer, per maand of gedeelte daarvan: R4,00.

(b) Vir die verwydering van die inhoud van septiese- of opgaartenks, per 6,5 kl of gedeelte daarvan: R20,00.

9. Algemeen:

(1) Die Hoof Gesondheidsdienste mag waar dit na sy mening wenslik is, van die okkupeerder en/of eienaar of beide van enige perseel vereis om van bykomende dienste en vullisverwydering en/of nagvuilhouers gebruik te maak.

(2) Kennisgewing om enige verwyderingsdiens te enigertyd te verminder moet skriftelik aan die Hoof Gesondheidsdienste gegee word, drie maande voordat sodanige verminderde diens vereis word.

G E SWART
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 15
Brakpan
1540
9 November 1983
Kennisgewing No 135/1983

1408—9

TOWN COUNCIL OF CARLETONVILLE

ADOPTION OF PARKING METER BY-LAWS

It is hereby notified in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), that the Town Council of Carletonville intends adopting by-laws regarding parking meters.

The general purport of the proposed by-laws is to establish parking meter by-laws to control parking meters within the municipal area of Carletonville.

Copies of the proposed adoption of the by-laws lie open for inspection during office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Halite Street, Carletonville, for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person desirous of objecting to the adoption, should do so in writing to the Town Clerk within fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C J DE BEER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 3
Carletonville
2500
9 November 1983
Notice No 79/1983

STADSRAAD VAN CARLETONVILLE

AANNAME VAN PARKEERMETERVERORDENINGE

Daar word hierby kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, (Ordonnansie 17 van 1939), dat die Stadsraad van Carletonville van voorneme is om verordeninge betreffende parkeermeters te aanvaar.

Die algemene strekking van die voorgenome verordeninge is die daarstelling van parkeermeterverordeninge vir die beheer van parkeermeters binne die munisipale gebied van Carletonville.

Afskrifte van die voorgestelde aanname van die verordeninge lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Halitestraat, Carletonville, vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen die aanname wil maak, moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne veertien (14) dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

C J DE BEER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 3
Carletonville
2500
9 November 1983
Kennisgewing No 79/1983 1409—9

TOWN COUNCIL OF CAROLINA

AMENDMENT TO DETERMINATION OF CHARGES FOR WATER SUPPLY

The determination of charges in terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, for Water Supply of the Carolina Town Council published in Provincial Gazette 4286, dated 28 September 1983, is hereby amended by amending the Schedule with effect from 1 July 1983 as follows:

1. By the substitution for subitem (1) of item 2 of Part 1 of the following:

"(1) Purified Water:

To any consumer, per meter, per kl: 43c."

2. By the substitution for subitem (2) of item 2 of Part 1 of the following:

"(2) Unpurified Water:

To any consumer, per meter, supplied with unpurified water by the Council, per kl: 16c."

F J CILLIERS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 24
Carolina
1185
9 November 1983

STADSRAAD VAN CAROLINA

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VOORSIENING VAN WATER

Die vasstelling van gelde ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vir die Voorsiening van Water van die Stadsraad van Carolina, gepubliseer in Provinsiale Koerant 4286 van 28 September 1983 word hierby gewysig deur die Bylae met ingang 1 Julie 1983 soos volg te wysig:

1. Deur subitem (1) van item 2 van Deel 1 deur die volgende te vervang:

"(1) Gesuiwerde Water:

Aan enige verbruiker, per meter, per kl: 43c."

2. Deur subitem (2) van item 2 van Deel 1 deur die volgende te vervang:

"(2) Ongesuiwerde Water:

Aan enige verbruiker, per meter, wat deur die raad van ongesuiwerde water voorsien word, per kl: 16c."

F J CILLIERS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 24
Carolina
1185
9 November 1983 1410—9

TOWN COUNCIL OF ERMELO

AMENDMENT OF THE STANDARD BUILDING BY-LAWS

1. Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, that the Council intends to amend the Standard Building By-laws as adopted by the Council under Administrator's Notice No 427 dated 23 March 1983.

The general purport of the amendment is to make provision for the erection of direction indicators to showhouses.

2. Copies of the amendment and the resolution will be open for inspection at the office of the Town Clerk, Civic Centre, G. F. Joubert Park, Ermelo, during normal office hours for a period of 14 days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette, i.e. 9 November 1983.

3. Any person who wishes to object to the proposed amendment must lodge his objection in writing with the undersigned within 14 days of publication hereof in the Provincial Gazette, namely 9 November 1983.

P J G VAN RHEEDE VAN OUDTSHOORN
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 48
Ermelo
2350
9 November 1983
Notice No 63/1983

STADSRAAD VAN ERMELO

WYSIGING VAN DIE STANDAARD BOUVERORDENINGE

1. Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, bekend gemaak dat die Raad van voornemens is om die Standaard Bouverordeninge soos deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 427 van 23 Maart 1983 te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om voorsiening te maak vir die oprigting van rigtingwysers na skouwonings.

2. Afskrifte van die wysiging en die besluit lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk, Burgersentrum, G F Joubertpark, Ermelo, gedurende normale kantoorure vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant, naamlik 9 November 1983.

3. Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik *binne 14 dae na datum van hierdie kennisgewing* in die Provinsiale Koerant, naamlik 9 November 1983 by die ondergetekende doen.

P J G VAN RHEEDE VAN OUDTSHOORN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 48
Ermelo
2350
9 November 1983
Kennisgewing No 63/1983

1411–9

CITY OF GERMISTON

PROPOSED AMENDMENT TO THE GERMISTON TOWN-PLANNING SCHEME 3

The City Council of Germiston has prepared a draft amendment town-planning scheme which will amend Town-planning scheme 3.

The draft scheme contains the following proposal:

The amendment of the use zoning of a part of Holding 34, Union Settlement from "General Industrial" to "Municipal" purposes.

Particulars and plans of this scheme are open for inspection at the Council's Offices, Room *115, Municipal Building, President Street, Germiston,* during normal office hours, for a period of four (4) weeks from the date of the first publication of this notice, which is 9 November 1983.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within the area of the Germiston Town-planning Scheme 3 or within 2 km of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so he shall, within four (4) weeks of the first publication of this notice, which is 9 November 1983 inform the Council in writing of such objection or representation and shall state whether or not he *wishes to be heard by the Council.*

A W HEYNEKE
Town Secretary

Municipal Offices
Germiston
9 November 1983
Notice No 147/1983

STAD GERMISTON

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE GERMISTONSE DORPSBEPLANNINGSKEMA 3

Die Stadsraad van Germiston het 'n wysigingsontwerpdorpsbeplanningskema opgestel wat Dorpsbeplanningskema 3 sal wysig.

Hierdie ontwerpskema bevat die volgende voorstel:

Die wysiging van die gebruiksindeling van 'n deel van Hoewe 34, Union Settlement van *"Algemene Nywerheid" na "Munisipale"* doeleindes.

Besonderhede en planne van hierdie skema lê ter insae by die Raad se Kantore, Kamer 115, Munisipale Gebou, Presidentstraat, Germiston, gedurende gewone kantoorure vir 'n tydperk van (4) weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 9 November 1983.

Die Raad sal dié skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word al dan nie.

Enige eienaar of okkupeerder van vaste eiendom binne die gebied van die Germistonse Dorpsbeplanningskema 3 of binne 2 km van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om vertoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Raad binne vier (4) weke van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 9 November 1983 skriftelik van sodanige beswaar of vertoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Raad gehoor wil word al dan nie.

A W HEYNEKE
Stadsekretaris

Stadskantore
Germiston
9 November 1983
Kennisgewing No 147/1983

1412–9–16

CITY OF GERMISTON

LOCAL AUTHORITY OF GERMISTON VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1983/1984

(Regulation 12)

Notice is hereby given in terms of section 16(4)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the valuation roll for the financial years 1983/1984 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board.

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the valuation board.

SECRETARY: VALUATION BOARD

Municipal Offices
Germiston
9 November 1983
Notice No 148/1983

STAD GERMISTON

PLAASLIKE BESTUUR VAN GERMISTON WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE *1983/1984*

(Regulasie 12)

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die waarderingslys vir die boekjare 1983/1984 van alle belasbare eiendom *binne die munisipaliteit deur die voorsitter van* die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op artikel 17 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepalings van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die waarderingsraad verkry word.

SEKRETARIS: WAARDERINGSRAAD

Munisipale Kantore
Germiston
9 November 1983
Kennisgewing No 148/1983

1413–9

MUNICIPALITY GRASKOP

ASSESSMENT RATES 1983/84

Notice is hereby given in terms of section 21 of the Local Authorities Rating Ordinance, 11 of 1977, that the following assessment rates are levied on the site value of all rateable properties within the Municipal area of Graskop as appearing on the Valuation Roll for the financial year 1st July 1983 till 30th June 1984.

(1) An original rate of 3 cents in the Rand on site value of land.

(2) Subject to the approval of the Administrator a further additional rate of 2,5 cent in the Rand on the site value of land.

The rate shall become due on 1st July 1983, but shall be payable on or before 30th December 1983.

If the rates hereby inposed are not paid on the dates specified, interest at the rate of 13,3 % per annum will be charged calculated from 1st July 1983 on outstanding amounts after 31st December 1983.

G DE BEER
Town Clerk

PO Box 18
Graskop
1270
9 November 1983
Notice No 23/1983

MUNISIPALITEIT GRASKOP

EIENDOMSBELASTING 1983/84

Kennis word hiermee gegee ingevolge die bepalings van artikel 21 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 11 van 1977, dat die volgende belasting gehef word op die terreinwaardes van alle belasbare eiendom geleë binne die Munisipale gebied van Graskop en soos aangedui op die waarderingslys vir die boekjaar 1 Julie 1983 tot 30 Junie 1984.

(1) 'n Oorspronklike belasting van 3 sent in die Rand op die terreinwaarde van grond.

(2) Onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur, 'n verdere addisionele belasting van 2,5 sent in die Rand op die terreinwaarde van grond.

Die belasting is verskuldig op 1 Julie 1983, maar is betaalbaar voor of op 31 Desember 1983.

Indien die belasting soos gehef, nie op genoemde betaaldatum betaal word nie, sal rente teen 13,3 % per jaar gehef word, bereken vanaf 1 Julie 1983 op uitstaande bedrae na 31 Desember 1983.

G DE BEER
Stadsklerk

Posbus 18
Graskop
1270
9 November 1983
Kennisgewing No 23/1983 1414—9

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

DETERMINATION OF CHARGES FOR THE HIRING OUT OF TREES AND SHRUBS

It is hereby notified in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, as amended, that the Council proposes to levy charges for the hiring out of trees and shrubs to the public.

The general purport of this determination is to levy such charges for the first time.

Copies of this determination will be open for inspection at the office of the Council for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof.

Any person who wishes to object to the proposed determination must lodge his objection in writing with the undersigned on or before 24 November, 1983.

Q W VAN DER WALT
Town Clerk

Town Hall
Margaret Avenue
(PO Box 13)
Kempton Park
9 November 1983
Notice No 85/1983

STADSRAAD VAN KEMPTONPARK

VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VERHURING VAN BOME EN STRUIKE

Daar word hierby ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat die raad van voorneme is om tariewe te hef vir die verhuring van bome en struike aan die publiek.

Die algemene strekking van hierdie vasstelling is om sodanige gelde vir die eerste maal vas te stel.

Afskrifte van die vasstelling lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde vasstelling wens aan te teken moet dit skriftelik voor of op 24 November 1983 by die ondergetekende indien.

Q W VAN DER WALT
Stadsklerk

Stadhuis
Margaretlaan,
(Posbus 13)
Kemptonpark
9 November 1983
Kennisgewing No 85/1983 1415—9

TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP

CLOSING OF PARK ERVEN 72 TO 81, LEWISHAM, KRUGERSDORP

Notice is hereby given in terms of section 68 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, hereinafter referred to as the Ordinance, that the Town Council of Krugersdorp intends to permanently close Erven 72 to 81 Lewisham, Krugersdorp.

Further particulars and a plan regarding the intended permanent closure lie open for inspection during office hours at the office of the Town Secretary.

Any person who wishes to object to the proposed permanent closing or who may have a claim for compensation should such closing be carried out, must lodge his objection and/or claim in writing with the Council not later than 9 January 1984.

J L LE R DU PLESSIS
Town Secretary

Town Hall
Krugersdorp
9 November 1983
Notice No 134/1983

STADSRAAD VAN KRUGERSDORP

SLUITING VAN PARKERWE 72 TOT 81, LEWISHAM, KRUGERSDORP

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 68 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, hierna die Ordonnansie genoem, dat die Stadsraad van Krugersdorp voornemens is om Erwe 72 tot 81 Lewisham, Krugersdorp permanent te sluit.

Nadere besonderhede en 'n plan van die voorgenome sluiting lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris gedurende gewone kantoorure.

Iedereen wat beswaar teen sodanige sluiting wens aan te teken of 'n eis om skadevergoeding sal hê indien die sluiting uitgevoer word, word versoek om sy beswaar en/of eis nie later nie as 9 Januarie 1984 skriftelik by die Raad in te dien.

J L LE R DU PLESSIS
Stadsekretaris

Stadhuis
Krugersdorp
9 November 1983
Kennisgewing No 134/1983 1416—9

LOCAL AUTHORITY OF KOMATIPOORT

Notice of general rate and of fixed day for payment in respect of financial year 1 July 1983 to 30 June 1984.

Notice is hereby given in terms of section 26(2)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the following general rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll.

On the site value of any land or right in land 7,5c in the Rand.

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable in two instalments namely the first instalment on or before 31 October 1983 and the second instalment on or before 28 February 1984.

Interest of 13,3 % per annum is chargeable on all amounts in arrear after the fixed days and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

M M DU PREEZ
Acting Town Clerk

PO Box 146
Komatipoort
1340
9 November 1983

PLAASLIKE BESTUUR VAN KOMATIPOORT

Kennisgewing van Algemene Eiendomsbelasting en van vasgestelde datum vir betaling ten opsigte van die boekjaar 1 Julie 1983 tot 30 Junie 1984.

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken:

Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond 7,5c in die rand.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie be-oog is betaalbaar in twee gelyke paaiemente naamlik die eerste paaiement voor of op 31 Oktober 1983 en die tweede paaiement voor of op 28 Februarie 1984.

Rente teen 13,3 % per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde datums hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsprosedures vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

M M DU PREEZ
Wnd. Stadsklerk

Posbus 146
Komatipoort
1340
9 November 1983 1417—9

LOUIS TRICHARDT TOWN COUNCIL

AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO THE CONTROL OF TEMPORARY ADVERTISEMENTS AND PAMPHLETS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, No 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Louis Trichardt Town Council, subject to the approval of the Administrator, to amend the By-laws relating to the Control of Temporary Advertisements and Pamphlets of the Louis Trichardt Municipality, published under Administrator's Notice 248 dated 3 March 1976, as amended.

The purport of the amendments is to relax the limitation on the number of posters and advertisements that may be displayed as well as the provisions relating to the fixing thereof and to increase the deposits and charges payable.

Copies of the proposed amendments are open to inspection in the office of the Council during office hours for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the Official Gazette of the Province Transvaal.

Objections to the proposed amendments, if any, must be lodged in writing with the undersigned not later than 23rd November 1983.

C J VAN ROOYEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 96
Louis Trichardt
0920
9 November 1983
Notice No 37/1983

STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE DIE BEHEER VAN TYDELIKE ADVERTENSIES EN PAMFLETTE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Louis Trichardt van voorneme is om, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, die Verordeninge betreffende die Beheer van Tydelike Advertensies en Pamflette van die Munisipaliteit Louis Trichardt, afgekondig by Administrateurskennisgewing 248 van 3 Maart 1976, soos gewysig, verder te wysig.

Die strekking van die wysigings is om die beperking op die aantal plakkate en advertensietekens wat vertoon mag word asook die voorskrifte betreffende die aanbring daarvan te verslap en om die deposito's en gelde betaalbaar te verhoog.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal.

Besware teen die voorgestelde wysigings, indien enige, moet skriftelik by ondergetekende ingedien word nie later nie as 23 November 1983.

C J VAN ROOYEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 96
Louis Trichardt
0920
9 November 1983
Kennisgewing No 37/1983

1418—9

LOUIS TRICHARDT TOWN COUNCIL

AMENDMENT TO STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, No 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Louis Trichardt Town Council, subject to the approval of the Administrator, to amend the street and Miscellaneous By-laws of the Louis Trichardt Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1601, dated 3 October 1973. The purport of the amendments is to prohibit indecent behaviour, language or representations, obscene material, gambling and soliciting in a street or public place.

Copies of the proposed amendments are open to inspection in the office of the Council during office hours for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the Official Gazette of the Province of Transvaal.

Objections to be proposed amendments, if any, must be lodged in writing with the undersigned not later than 23rd November, 1983.

C J VAN ROOYEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 96
Louis Trichardt
0920
9 November 1983
Notice No 36/1983

STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

WYSIGING VAN STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Louis Trichardt van voorneme is om, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, die Straat- en Diverse Verordeninge van die Munisipaliteit Louis Trichardt, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1601 van 3 Oktober 1973, te wysig. Die strekking van die wysigings is om onfatsoenlike gedrag, taal of voorstellings, onsedelike materiaal, dobbelary en uitlokking in 'n straat of openbare plek te verbied.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal.

Besware teen die voorgestelde wysigings, indien enige, moet skriftelik by ondergetekende ingedien word nie later nie as 23 November 1983.

C J VAN ROOYEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 96
Louis Trichardt
0920
9 November 1983
Kennisgewing No 36/1983

1419—9

TOWN COUNCIL OF LOUIS TRICHARDT

AMENDMENT OF BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, that it is the intention of the Louis Trichardt Council, subject to the approval of the Administrator, to amend the By-laws for Hawkers.

The general purpose of the amendment is to replace the definition of "Hawker" with another definition, to add the definitions "Frozen Confectionery" and "Ice-cream" to section 1, as well as the adding of a section in order to define the nature of the product, the time, and the area wherein one is allowed to peddle one's wares.

Copies of the proposed amendment are open for inspection at the Municipal Offices for a period of fourteen days from the date of publication of this notice in the Official Gazette of the Province of Transvaal.

Any person who wishes to object against the above must do so in writing to the undersigned not later than 23rd November 1983.

C J VAN ROOYEN
Town Clerk

Municipal Offices
Box 96
Louis Trichardt
0920
9 November 1983
Notice No 39/1983

STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, dat die Stadsraad van Louis Trichardt van voorneme is om, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, die Verordeninge betreffende Smouse te wysig.

Die algemene strekking hiervan is die vervanging van die woordomskrywing "Smous" met 'n ander gepaste woordomskrywing, die toevoeging van die woorde "Bevrore suikergoedere" en "Roomys" tot artikel 1 asook die toevoeging van sekere artikels ten einde die aard van die produk waarmee, die tye waarop, en die dorpsgebied waarin met roomys gesmous kan word, vas te lê.

Afskrifte van die voorgestelde toevoegings en wysigings lê ter insae by die kantore van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar wens aan te teken moet dit skriftelik by die ondergetekende indien nie later nie as 23 November 1983.

C J VAN ROOYEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 96
Louis Trichardt
0920
9 November 1983
Kennisgewing No 39/1983

1420—9

LOCAL AUTHORITY OF MAKWASSIE

NOTICE OF GENERAL RATE OR RATES AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1983 TO 30 JUNE 1984

(Regulation 17)

Notice is hereby given that in terms of section 26(2)(a) or (b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the provisional valuation roll:—

(a) On the site value of any land or right in land six (6) cents in the Rand (R1).

In terms of section 21(4) of the said Ordinance, a rebate on the general rate levied on the

site value of land or right in land referred to in paragraph (a) above of forty percent is granted where the registered owner is a pensioner or a disability pensioner complying with the following requirements.

(i) Applicants must be at least 60 years of age as at 1 July 1983 or in the case of married couples, the breadwinner must be at least 60 years of age or must be physically disabled.

(ii) The total monthly income of the applicant and his/her spouse may not exceed the amount of R500 per month.

(iii) The applicant must be the registered owner and occupant of the property concerned and the property must be used solely for the accommodation of one family.

The amount due for rates as contemplated in section 27 and 41 of the said Ordinance shall become due and payable as follows; 50 % on 31 October 1983 — 50 % on 31 January 1984.

Ratepayers desiring to do so, may arrange with the Secretary for the payment of assesment rates in instalments, the last instalment to be paid on or before 30 June 1984.

Interest of eleven percent (11 %) per annum is chargeable on all amounts in arrear from the date upon which such monies and charges become due and payable to the Committee and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

J G A DU PREEZ
Secretary

Health Committee
Cherry Avenue
Makwassie
2650
9 November 1983

PLAASLIKE BESTUUR VAN MAKWASSIE

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING OF EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1983 TOT 30 JUNIE 1984

(Regulasie 17)

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) of (b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die voorlopige waarderingslys opgeteken: —

(a) Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond ses (6) sent in die Rand (R1).

